Mededeelsaam met haar Solara

Deur **Patricia J.L. Werdmuller von Elgg** 12 Augustus 2015 03:30

Van ’n verrinneweerde plaas tot volhoubare wynverbouing. Met passie het Patricia J.L. Werdmuller von Elgg dít vermag, skryf Danie Keet.

Patricia J.L. Werdmuller von Elgg glo die natuur kom eerste en dat sy met haar eerste sauvignon blanc die goeie woord kan versprei.

Mededeelsaamheid is die sleutelwoord vir die formidabele Patricia J.L. Werdmuller von Elgg. Haar entrepreneursukses is geanker op die natuurlike omgewing, gesondheidsbewuste wynverbruikers en haar plaasbevolking. Dit sluit in verlore en mishandelde diere van die omgewing.

Haar onvoorwaardelike beskerming van haar omgewing en alle lewe daarin word nou in elke bottel van haar debuut- Solara Organiese Sauvignon Blanc 2014 vasgevang.

Dié wyn is ’n hoogtepunt van Von Elgg se volgehoue pogings sedert sy die verwaarloosde plaas Houtbaai net buite McGregor in 2003 gekoop het – so genoem na die riviertjie wat die grens vorm.

“Die plaas was verrinneweer, vol siektes, plae en gemors; feitlik sonder natuurlewe,” vertel Von Elgg.

’n Moeisame proses van rehabilitasie met aansienlike geduld en sielskrag het daarop gevolg.

Haar doelwit met die kopie was om blyplek vir behoeftige huishoudelike én wilde diere te verskaf. Sy voorsien tans haar dienste van nood-dierebeskerming aan die plaaslike gemeenskap. Dit sluitend gratis veeartsdienste in. Von Elgg het ook ’n groot rol gespeel in die ‘‘aftrede’’ van 15 donkies by Eseltjiesrus buite die dorp, ’n heenkome vir verwaarloosde donkies.

“Ná die eerste vier jaar was daar ’n merkbare verandering en die natuurlike balans herstel.

“ ’n Organiese boerdery met die bewaring van groot stukke natuurlike veld lok ook weer diere soos rooikatte, bakoorjakkalse, erdvarke, muishonde, vier boksoorte, hase, honderde tarentale en al die plaaslike voëlsoorte om hier te baljaar.”

Die natuurlike fynbos floreer nou rondom haar wingerd van 10,52 hektaar met sauvignon blanc, colombar en pinotage.

So ja, dit is nie net nóg ’n wyn wat meeding om ’n plek tussen die duisende bottels op die land se winkelrakke nie. Haar sauvignon blanc-etiket dra die prominente woord “organiese” asook die Landmark-stigting se plakker, wat aandui dit gaan oor soveel meer.

Diere vind baat by dié wyn. Dit sluit die luiperds in wat op die bottelplakker verteenwoordig word. Van elke bottel wat verkoop word, word R3 aan die Landmark-stigting geskenk om sy luiperdbewaringsprojekte te ondersteun.

Geen steen word onaangeroer gelaat om aan al die omgewingsbewaring- en internasionale standaarde van organiese wynproduksie te voldoen nie.

Haar druiwe word sedert 2008 by die Rooiberg-wynmakery naby Robertson organies verwerk, en sy kan met trots sê dat Woolworths haar vonkelwyn gelys het.

“Dit was ’n natuurlike proses om die protokol van gesertifiseerde organiese landbou ná my aktiewe betrokkenheid by die Wêreld-natuurlewefonds sedert 1975 te volg.

“My visie vir die pragtige plasie en sy produkte is om verkope en winsvlakke te bereik wat langtermyn-volhoubaarheid verseker. Die plaas moet ook dien as ’n model vir organiese produksie wat hopelik deur ander produsente nagevolg sal word.

Die wyn is vars en vrugtig met aromas van suring en ryp vye.

Die wyn is te koop by die Rooiberg-kelder buite Robertson, die La Verne-wynboetiek in Robertson en Wine Concepts in Nuweland. Dit kos R80 per bottel.